NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2016

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

   Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
   Afdeling B Opsomming (10 punte)
   Afdeling C Poësie (30 punte)
   Afdeling D Taalvaardigheid (30 punte)

3. Beantwoord al die vrae.

4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

6. Nommer jou antwoorde soos wat die vrae op die vraestel genommer is.

7. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.

---

IEB Copyright © 2016 

## AFDELING A LEESBEGRIP

## VRAAG 1 KOERANTARTIKEL

**Lees die volgende artikel en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

### Hondesalon ruil per ongeluk honde om

*Deur Digitale span op Januarie 13, 2016*



1 'n Emosionele Cherene de Wet is na aan trane terwyl sy aan verskillende maniere dink om haar hond, Lulu, op te spoor. Die Malteser-Yorkie-kruis word nou al meer as vyf dae vermis. Die drama het verlede Donderdag begin toe Cherene die 18-maande oue Lulu na die hondesalon in Johannesburg vir 'n was-en-knip geneem het. Dit was niks ongewoons nie omdat sy al jare lank 'n kliënt daar is.

2 Die middag het haar man Lulu gaan oplaai, maar hy het met 'n ander Malteser teruggekeer. Cherene het paniekbevange geraak toe sy besef het dat haar man die verkeerde hond teruggebring het. Sy is onmiddellik hondesalon toe om haar hond terug te kry. "Hulle het besef hulle het ons honde omgeruil. My hond is na 'n ander vrou se huis en hulle het vir my man die verkeerde hond gegee," het Cherene vir News24 gesê. "Die probleem is dat die vrou wat my hond het, nie haar naam in die boek geskryf het nie; daarom was daar nie 'n manier om haar op te spoor nie." Die eienaars van die hondesalon het verduidelik dat die vrou haar hond kom haal het en Lulu, wat toe gereed was om huistoe te gaan, is per ongeluk aan haar oorhandig.

3 **Lewensgevaarlike toestand**
Wat Cherene verder bekommerd maak, is dat Lulu met 'n lewensgevaarlike lewerprobleem sukkel. "Sy moet spesiale kos eet omdat sy so siek word. Haar lewerprobleem is dodelik. Ons moet die vrou in die hande kry. Ek het dit op Facebook geplaas en elke manier moontlik probeer om dit in die media te kry. Dalk lees die vrou dit en besef sy dat sy ons hond het."

4 Die eienaar van die hondesalon, Anka Anteglievic, sê sy onthou 'n vrou het Donderdagoggend haastig 'n hond kom aflaai en is vinnig daar uit voordat hulle haar besonderhede kon neerskryf. "Sy was haastig en het nie 'n nommer of enigiets gelos nie. Sy het vinnig weggery." Toe Anka die fout agterkom, het sy en haar dogter, Lana, vir Cherene probeer help om die vrou op te spoor. "Die vrou se hond het steke op die maag en moet by 'n veearts uitkom om die steke te verwyder." Hulle hoop die vrou gaan die hond kom haal om na die veearts toe te neem.

5 **Hoopvol**
Hulle was verbaas dat die vrou ná soveel dae nog nie agtergekom het sy het die verkeerde hond en teruggekeer het na die hondesalon nie. "Ek verstaan dit nie. Ons het Vrydag vir haar gewag en gedink sy was dalk by die werk, maar niks het gebeur nie. Ek kan nie glo dat sy sedert Donderdag nog nie besef het sy het die verkeerde hond nie, veral oor die steke wat verwyder moet word." Anka en Cherene hoop albei die vrou bly nie te ver weg van die hondesalon in Bedfordview nie. "Sy kan nie te ver weg wees nie; sy moet hier iewers wees," het Anka gesê.

6 Alle kliënte wat hul honde op 7 Januarie na die Lucky Dogs-hondesalon geneem het, word gevra om die onderneming so gou moontlik te kontak.

[Bron: Aangepas uit artikel – News24 en foto – Google (<http://www.maltesemaniac.com/>)]

IEB Copyright © 2016

1.1 Haal drie opeenvolgende woorde uit par. 1 aan om aan te dui dat Lulu se eienaar **hartseer** was. (1)

1.2 1.2.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

Lulu is 'n opregte Malteser-hondjie. (1)

1.2.2 Gee 'n rede uit die leesstuk vir jou antwoord in Vraag 1.2.1. (1)

1.3 Hoekom kon die eienaar van die salon nie net Cherene se hond by die ander vrou gaan haal nie? (1)

1.4 1.4.1 Wat was die salon se prosedure gewoonlik wanneer kliënte hulle honde na die salon bring? (1)

1.4.2 Hoekom het die salon nie hierdie prosedure (in Vraag 1.4.1) met die ander vrou gevolg nie? (1)

1.5 Waarom was dit lewensbelangrik dat Lulu gou opgespoor moes word? (1)

1.6 Hoe sou 'n mens dié twee honde van mekaar kon uitken as iemand hulle net van nader bekyk het? (1)

1.7 Wat was die hoofrede waarom hierdie insident op Facebook beland het? (1)

1.8 Die ander vrou het na vyf dae nog nie die hondesalon teruggeskakel nie.

Watter **afleiding** kan ons van die ander vrou maak? (1)

1.9 Die naam van die hondesalon is "Lucky Dogs-hondesalon".

Verduidelik die **ironie** in hierdie naam na aanleiding van die gebeure. (2)
**[12]**

IEB Copyright © 2016 

## VRAAG 2 VISUELE BEGRIP – ADVERTENSIE

**Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

**TAFELBERG-SWEEFSPOOR**

# SPESIALE SKEMERAANBOD

## HALFPRYS NA 15:00!

**GELDIG VAN 1 NOV.–19 DES. 2014 EN 8 JAN.–28 FEB. 2015**




SWEEFSPOORKAARTJIES TEEN HALFPRYS NA 15:00
Daagliks na 15:00 by die sweefspoorkaartjieskantoor beskikbaar.
Volwassenes retoer R112,50. Kinders retoer R55 (4–17 jaar).
Volwassenes moet kinders na die kassiersvenster vergesel wanneer hulle kaartjies koop.

Vir meer inligting
skakel 021 424 8181
www.tablemountain.net

Sweefspoor in bedryf indien die weer dit toelaat.

TABLE MOUNTAIN
AERIAL CABLEWAY

A

[Bron: *Buite Burger*, 27 Januarie 2015]

IEB Copyright © 2016

2.1 2.1.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

Hierdie skemeraanbod van halfprys na 15:00 is vir die hele somerseisoen beskikbaar. (1)

2.1.2 Motiveer jou antwoord in Vraag 2.1.1 deur **uit die advertensie aan te haal**. (1)

2.2 Skryf slegs die vraagnommer en letter in jou antwoordboek neer:

In hierdie advertensie verwys die woord "skemer" na ...

A die tyd wanneer die son opkom.
B die tyd wanneer die son ondergaan.
C dae wanneer daar nie baie wolke in die lug is nie.
D dae wanneer daar geen wolke in die lug is nie. (1)

2.3 Kyk na die visuele illustrasie. Wat is die **fokuspunt** van hierdie advertensie? (1)

2.4 Waarom, dink jy, bied die sweefspoormaatskappy halfpryskaartjies ná 15:00 aan? (1)

2.5 Hoekom moet kinders hulle ouers na die kassiervenster vergesel wanneer iemand kaartjies koop? (1)

2.6 Op watter sosiale netwerke sal ons meer oor hierdie skemeraanbod kan uitvind? (2)

2.7 Skryf net die ontbrekende woord neer.

Die illustrasie in die blok regs onder (A) is Tafelberg-sweefspoor se ... (1)
**[9]**

IEB Copyright © 2016 

## VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – BERIG EN SPOTPRENT

**Bestudeer die berig en spotprent en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**


**OUMAS SAAM MATRIEKAFSKEID TOE** – Anika Marais

**KAAPSTAD** – Dit was baie makliker om sy ouma as 'n ander metgesel na sy matriekafskeid te vra.

"Ek het darem geweet sy sal beslis ja sê," het HP van Schoor van die Hoër Landbouskool Oakdale in Riversdal gesê. Hy en vier van sy skoolmaats het onlangs toeskouers by dié skool se matriekafskeid "in trane gehad" toe hulle met hul oumas by die groot dans opdaag.

"Ons het eintlik al verlede jaar besluit om dit te doen. Ons oumas het al so baie vir ons beteken en vir ons gedoen. Ons het geweet dit sal vir hulle baie spesiaal wees," het Van Schoor verduidelik.

[Bron: Netwerk 24]




[Bron: *Die Burger*, 18 Augustus 2015]

3.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter op jou antwoordblad neer.

Die persoon wat in beheer van die musiek is, word 'n ... genoem.

A platejokkie
B musikant
C platejoggie
D musiekmaker (1)

3.2 Hoe weet ons dat die ouma (A) nie goed kan sien nie? (1)

3.3 Waarom het hierdie seuns hulle oumas na die matriekdans geneem? Noem **twee** redes. (2)

3.4 Wat het die jong man (B) op sy kop om na sy musiek te luister? (1)

3.5 Hoe kan ons aan die skets van die meisie (C) sien dat sy die dansmusiek geniet? Noem twee dinge. (2)

3.6 Is die ouma (A) gepas aangetrek? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

3.7 Watter negatiewe persepsie kan sommige skoolmaats hê van 'n seun wat een van sy eie familie-lede na sy matriekdans neem? (1)

**[9]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2016 

## AFDELING B OPSOMMING

### VRAAG 4

**Die artikel noem vyf produkte wat jy kan gebruik om jou hare beter te versorg. Noem telkens die produk gevolg deur die voordeel wat die produk vir die verbruiker inhou.**

**Onthou:**

- Skryf telkens die vyf produkte en elkeen se **spesifieke** voordeel in jou eie volsinne neer.
- Moenie die sinne direk uit die teks aanhaal nie.
- Elke punt moet sowel die **produk** as die **spesifieke** voordeel daarvan vir jou hare bevat.
- Elke punt mag net **een sin** bevat. Gebruik voegwoorde, ens. om jou sinne te verleng.
- Jou opsomming mag nie minder as 60 woorde of meer as 80 woorde wees nie.
- Skryf 'n woordtelling aan die einde neer.
- Trek 'n streep deur die beplanning.

# 5 Stappe Vir Mooier Hare

deur SARIE.com-span

*Vaal lewelose hare in die winter? Nog nooit nie! Nie met vandag se buitengewoon slim produkte wat jou hare vertroetel nie. Kyk net watter harehulp is daar alles.*

'n Aanbly-opknapper is ligter as dié van 'n gewone opknapper wat dikwels swaar olies bevat en jou hare olierig kan laat lyk as jy dit nie baie goed afspoel nie, sê Cassandra Taylor, haarproduk-ontwikkelingsbestuurder by die verbruikers-maatskappy Unilever. Die aanbly-produk help om jou hare deurlopend vogtig te hou totdat jy dit weer was.

Maskers is ontwikkel om jou hare te voed, terwyl opknappers hoofsaaklik bevog en help om van knope ontslae te raak, sê Cassandra. Maskers verbeter die algehele toestand van jou hare. Daar is vandag formules wat spesifieke kwessies soos gebreekte hare, 'n tekort aan vog en vaal kleur takel.

Gebruik 'n goeie haarolie. Die molekules van vandag se haarolies is klein genoeg sodat dit jou hare dieper kan binnedring om dit te voed en laat blink sonder dat dit olierig voel, sê Sean Cox van *Swept Hairdressing* in Sandton.

'n Droë sjampoe bestaan uit baie fyn poeier wat enige olie op jou hare absorbeer en dus die voorkoms van skoner hare gee. Dit laat jou hare skoner lyk en help om volume by jou wortels te skep.

Soos haarolies, is serums ontwikkel om jou hare te voed, maar die formule is 'n ligter alternatief, sê Cassandra. Serums bevat gewoonlik silikon wat jou kutikels bedek en jou hare glad laat lyk. Dit weerkaats ook lig sodat jou hare blink. 'n Serum beskerm jou hare en gee dit 'n glansende voorkoms.

[Bron: <http://www.sarie.com/skoonheid/skoonheidstories/5-stappe-vir-mooier-hare/>]

**10 punte**

IEB Copyright © 2016

## AFDELING C POËSIE

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.**

**Die kind wat doodgesteek is deur 'n rower in Landsdowne –**
***Erns Grundling***

*vir Jordan Leigh Norton ... en al die ander*

Kaapstad – Die kind is dood
die kind "met 'n steekwond in die nek"
volgens *Die Burger* se hoofberig
sy was ses maande oud
ma, oupa en ouma kry berading

Die huiswerker lig haar vuiste teen die rower
die kind word vir oulaas gevoed
Purity, speeksel en trane drup
binnekort ook bloed
as lem en nek mekaar ontmoet

Die kind is dood
sê Niekie op RSG sê News24.com
sê SABC2-nuus sê die bure verstom
sê die ondersoekbeampte sê die distriksgeneesheer
waar sy lê op 'n bed "met 'n steekwond in die nek"

Die kind is die skaduwee van ons apatie
ons wat skouerophalend die koerant toevou
die kind is teenwoordig by elke wiegie
die kind loer vir ons uit 'n familiefotoalbum
die kind wat net wou speel in die arms van haar huiswerker
die kind wat 'n hoofberig geword het sterf honderdduisend dode
die kind wat 'n slagoffer geword het en graf toe is

sonder 'n kans

[Bron: *Toulopers: Verse vir Tieners* – Saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

5.1 ***vir Jordan Leigh Norton ...***

Verduidelik kortliks **wie** Jordan Lee Norton was. (1)

5.2 5.2.1 Om watter **tegniese rede** het die digter die gedig met die woord "Kaapstad" (reël 1) begin? (1)

5.2.2 Hoekom, dink jy, het die digter dit so (Vraag 5.2.1) begin? (1)

5.3 Haal **een woord** uit strofe 1 aan wat aandui dat dié nuus baie sensasioneel was. (1)

5.4 Haal **twee opeenvolgende woorde** uit strofe 1 aan wat aandui dat die gesin baie getraumatiseerd was. (1)

IEB Copyright © 2016

5.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.

"as lem en nek mekaar ontmoet" (reël 10) is 'n voorbeeld van ...

A onomatopee.
B hiperbool.
C vergelyking.
D eufemisme. (1)

5.6 "Die kind is dood" (reël 1 en reël 11)

Na watter ander gedig wat as interteks dien, verwys hierdie reëls? (1)

5.7 Haal 'n voorbeeld van **assonansie** uit strofe twee aan. (1)

5.8 Hoekom word die woord "**sê**" so baie in strofe 3 herhaal? (1)

5.9 Waarom staan **reël 23**, 'n enkele reël, as 'n strofe op sy eie? (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2016

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.**

**Touloper – *Fanie Viljoen***

die storms woed weer in ons huis vandag
maar vol durf klim ek op die tou
voetjie vir voetjie skuifel ek vorentoe
verby die verwyt-winde van
*het jy al weer*
*ek het mos gesê*
*wat het jy gedoen*
gekwelde oë kyk vir my van doer onder
ver verwyder van my kollig-balanseertruuk
my tou web tussen
mure en deurhandvatsels
familiefoto's en almanakke
blitsende tv-beelde en internetkonneksies
tot by die tuinhek
ek is hoog bo die grond
weg van alles behalwe die wind
maar ek dink nie daaraan nie
ek hou my oog op die tou
ek balanseer my lewe
en voet vir voet skuif ek vorentoe
deur die storm

[Bron: *Toulopers: Verse vir Tieners* – Saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

6.1 Waarna verwys die storms in reël 1? (1)

6.2 6.2.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

Dit is die eerste keer dat hierdie "storms" in die huisgesin woed. (1)

6.2.2 Haal **een woord** uit die gedig aan om jou antwoord in Vraag 6.2.1 te motiveer. (1)

6.3 Waarom is reëls 5–7 **kursief** geskryf en waarna verwys hierdie reëls? (2)

6.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.

"ver verwyder van my kollig-balanseertruuk" (reël 9) bevat 'n voorbeeld van ...

A vergelyking.
B alliterasie.
C metafoor.
D assonansie. (1)

6.5 Wat is die **konnotasie** van die woord "kollig-balanseertruuk" soos dit in reël 9 gebruik word? (2)

6.6 6.6.1 Wat is die touloper se bestemming terwyl hy/sy op die tou loop? Gee 'n enkele woord uit die gedig. (1)

6.6.2 Wat simboliseer hierdie bestemming (Vraag 6.6.1) vir die touloper? (1)

**[10]**

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.**

**Technokind – *Gavin F. Williams***

Julle ken mos videospeletjies
Druk 'n knop of draai die wieletjies
Dit is pret vir 'n technokind
Masjienverslaaf en vasgebind

Elke middag dieselfde gedrang
Na skool kan ons by die winkel rondhang
Die games ontwaak deur 'n twintigsentstuk
Daai technokind die ruk en pluk

Oë gespits op 'n wêreld vol kleur
'n Kickboxer skop en open 'n deur
Die vuiste die vlieg; hy moet die vyand verslaan
So word geweld nóg meer van sy bestaan

[Bron: Klasgids – 2012]

7.1 7.1.1 Dui die rymskema van Strofe 1 aan. (1)

7.1.2 Wat word hierdie rymskema genoem? (1)

7.2 Wie is die "julle" (reël 1) na wie die spreker verwys? Wees spesifiek. (1)

7.3 Haal **een woord** uit strofe 1 aan wat aandui dat die videospeletjies genotvol is vir die technokind. (1)

7.4 Die spreker verwys na die kinders as "masjienverslaaf" en ook as "vasgebind". Verduidelik wat met hierdie woorde bedoel word. (2)

7.5 Kies die antwoord wat die beste pas. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.

Die woorde ... uit **strofe 2** dui aan dat dit vir die technokind **roetine** geword het om videospeletjies te speel.

A "Elke middag"
B "Na skool"
C "dieselfde gedrang"
D "Die games ontwaak" (1)

7.6 Waarna verwys die woorde "'n wêreld vol kleur" in strofe 3? (1)

7.7 Haal 'n versreël aan waarin **alliterasie** voorkom. (1)

7.8 Wat is die **nadeel** van hierdie videospeletjies (strofe 3)? (1)

**[10]**

**30 punte**

## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

**Bestudeer die strokiesprent hieronder. Herskryf die sinne soos aangedui.**




[Bron: <http://meester.yolasite.com>]

8.1 Die onderwyser sê: "Julle moet die werk netjies doen."

**Die onderwyser het 'n week gelede gesê ...** (1)

8.2 Meneer Smit staan en praat met die studente in sy klas.

**Verlede Vrydag ...** (1)

8.3 Stoor julle werk sodat julle more daarmee kan aangaan.

**Stoor julle werk, want ...** (1)

8.4 Meneer Smit het elke aand 'n interessante les beplan.

**'n Interessante les ...** (1)

8.5 Het Jannie al ooit die regte ding in die klas gedoen?

**Nee, ...** (1)

8.6 Die student sit agter in die klas. Hy speel 'n rekenaarspeletjie.

**Die student wat ...** (1)

8.7 Jannie vra of hy in die volgende les weer sy speletjie kan speel.

**Jannie vra: "...".** (1)

8.8 Meneer Smit probeer vir Jannie iets leer, maar Jannie wil nie konsentreer nie.

**Al ...** (1)

8.9 Studente moet altyd in die klas werk.

**Studente behoort ...** (1)

8.10 Jannie sit agter in die klas omdat hy rekenaarspeletjies speel.

**Jannie sit agter in die klas om ...** (1)

8.11 Gister het meneer Smit na Jannie toe gestap en sy rekenaar afgeskakel.


**Nou ...** (2)

**[12]**

IEB Copyright © 2016 

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

**Lees die paragrawe wat op die prent hieronder gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf die nommer en die korrekte antwoord in jou antwoordskrif neer.**



[Bron: Google prente]

Om **9.1 (pets – gee die korrekte Afrikaanse woord)** aan te hou, is 'n groot verantwoordelikheid. Hoe **9.2 (baie – gee die vergrotende trap)** diere jy het, hoe groter is die verantwoordelikheid.

Diere soos katte en honde moet **9.3 (elke oggend – gee een woord)** kos gegee word, want hulle hou **9.4 (van + dit – gee die korrekte woord)** dat mense hulle vroeg kos gee en baie aandag **9.5 (... – gee die korrekte voorsetsel)** hulle gee. My **9.6 (vriend – gee die vroulike vorm)**, Coretha, het vier **9.7 (uitput – gee die teenwoordige deelwoord)** groot honde en sy laat hulle toe om in die huis te kom. Nie almal se **9.8 (lief – gee die verlede deelwoord)** hond is altyd soet nie. 'n Mens moet net seker maak dat die honde weet wie Baas en wie Klaas is. Die eienaars van diere wat nie ferm genoeg is nie, het later probleme om hulle diere **9.9 (by die huis – gee een woord)** in **9.10 (toon/toom – kies die korrekte woord om die uitdrukking te voltooi)** te hou.

Sommige mense **móét** nie diere aanhou nie, want hulle **9.11 (verafsku – gee 'n sinoniem)** diere. Ander mense kan nie enige diere aanhou nie want hulle is allergies vir huisdiere. Dit is **9.12 (a.g.v. – skryf die afkorting uit)** die diere se hare.

IEB Copyright © 2016

Diere hou van roetine: gee elke dag jou diere op dieselfde tyd kos. Kenners stel voor jy gee hulle om **9.13 (08:00 – skryf die tyd uit)** in die oggend en ongeveer om 18:00 **9.14 (elke aand – gee slegs een woord)** kos. Wanneer jy met jou hond in die openbaar wil gaan stap, moet jy 'n goeie **9.15 (leash – gee die korrekte Afrikaanse woord)** hê.


Dit is belangrik dat mense soveel aandag aan hulle viervoetige maatjies **(9.16 wei/wy – kies die korrekte woord)** sodat hulle nie afgeskeep voel nie.

**[8]**

IEB Copyright © 2016

## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

**Lees die inligting hieronder wat op die foto gebaseer is, deeglik deur. Voer die instruksies, wat by elke situasie gevra word, uit. Skryf elke keer die woorde neer van die persoon wat praat. Elke respons moet tussen 15–20 woorde lank wees. Die respons kan uit een of twee sinne bestaan.**




[Bron: <http://thumbs.dreamstime.com/z/boy-family-picnic>]

10.1 Susan (A) wil 'n foto van almal neem. Sy vra **beleefd** vir die mense by die tafel om vir die foto te poseer. Sy sê ook vir hulle aan wie sy die foto wil stuur. Skryf neer wat sy vir hulle sê. (2)

10.2 Kobus (B) vra vir sy ouer broer (E) om die sokkerbal saam met hom te skop. Hy is **ongeduldig** en kan nie wag totdat sy broer klaar is nie. Skryf neer wat hy vir sy ouer broer sê. (2)

10.3 Die ouer broer (E) is **nie lus** om nou te speel nie. Watter rede gee hy vir sy jonger boetie om nie te speel nie? (2)

10.4 Hulle pa (C) is ook by die piekniek, maar hy is **bekommerd** oor al die werk wat vir hom wag om gedoen te word. Hy probeer dink aan hoe hy die werk gedoen gaan kry. Skryf neer wat hy dink. (2)

10.5 Jan (D) is Susan se kêrel. Hy voel **baie gelukkig** dat hierdie gesin hom met ope arms aanvaar en deel van die gesin laat voel. Wat sê hy vir almal? (2)

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2016